**FAKULTEIT LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE**
**SE RIGLYNE EN PROSEDURES VIR INSKRYWINGSBESTUUR[1]**

## 1. Inleiding

Alle voorgraadse programme in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe is keuringsprogramme. Keuring word ooreenkomstig die riglyne en prosedures, soos uitgespel in hierdie dokument, gedoen om die Fakulteit in staat te stel om die Amptelike Inskrywingsteikens (AITs) te haal wat jaarliks deur die Universiteit vasgestel word.

### *1.1. Beskikbare plekke*

Daar is ʼn maksimum van 1200 plekke vir eerste registrasies in die Fakulteit beskikbaar waarvan 1100 plekke[2] vir nuweling eerstejaarstudente is. Die verskil van 100 plekke is vir studente afkomstig van ander fakulteite aan die US (±60 plekke) of ander tersiêre instansies (±40 plekke). Van die 1100 plekke vir nuweling eerstejaars word 305 plekke vir programme met programspesifieke keuringsprosedures, 650 plekke vir programme wat gebruik maak van die Fakulteit se algemene keuringsprosedures, 100 plekke vir verlengde graadprogramme en 45 plekke vir diskresionêre toelating geoormerk. ʼn Aantal plekke word vir bruin, swart, Indiër en Asiatiese (BSIA-)studente geoormerk.

## 2. Programme met programspesifieke keuringsprosedures

Daar is ʼn aantal programme wat programspesifieke keuringsprosedures het. Keuring geskied volgens elkeen se goedgekeurde keuringsprosedure. Hierdie programme is die volgende (die aantal plekke word tussen hakies aangedui):

- BA (Drama- en Teaterstudie) [60]
- BA (Regsgeleerdheid) [50]
- BA (Sportwetenskap) [60]
- BA (Visuele Kunste) [55]
- Departement Musiek [80]
  - Hoër Sertifikaat in Klanktegnologie
  - Hoër Sertifikaat in Musiek
  - Diploma in Praktiese Musiek
  - Gevorderde Diploma in Praktiese Musiek
  - BA (Musiek)
  - BMus

## 3. Programme wat gebruik maak van die Fakulteit se algemene keuringsprosedures

Die volgende programme het nie ʼn eie keuringsbeleid nie (programme wat ook as verlengde graadprogram aangebied word, word met ʼn asterisk aangedui):

- BA (Geesteswetenskappe) *
- BA (Taal en Kultuur) *
- BA (Internasionale Studie) *
- B in Maatskaplike Werk *[3]
- BA (Menslike Hulpbronbestuur) *
- BA (Ontwikkeling en Omgewing) *
- BA (PPE)
- B in Datawetenskap (Fokusarea: Geoinformatika)

---

[1] Hierdie dokument word beskou as ʼn uitbreiding van die Fakulteit se Omgewingsplan en dien as riglyn vir die operasionalisering van een aspek, nl inskrywingsbestuur.

[2] Die totale aantal plekke word (jaarliks) in konsultasie met die Afdeling Inligtingoorsigbestuur bepaal met inagneming van die Fakulteit en die kampus se kapasiteit.

[3] Keuring vind plaas in oorleg met die Departement Maatskaplike Werk, met inagneming van bepalings van die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe (ASCSSP).

**4. Toelatingsvereistes**

Naas algemene toelatingsvereistes, is daar ook verskeie programspesifieke en vakspesifieke toelatings-vereistes (sien Jaarboek Deel 4 vir besonderhede[4]). **Omdat studieplekke beperk word, is voldoening aan die toelatingsvereistes nie ’n waarborg vir aanvaarding en plasing nie**.

**5. Aansoeke en plasing**

5.1. Slegs volledige aansoeke word vir toelating oorweeg. 'n Volledige aansoek is 'n aansoek waarvan alle ondersteunende dokumentasie ingedien is (soos beskryf op die aansoekvorm). Ons beskou die dag waarop ons die volledige aansoek ontvang as die aansoekdatum. Indien die aansoek ná die sluitingsdatum as volledig gemerk word, sal dit as 'n laat aansoek hanteer word.

5.2. Aansoeke moet teen 31 Julie van die voorafgaande jaar skriftelik of elektronies ingedien word. Laat aansoeke sal op 'n waglys geplaas word en op meriete beoordeel word onderhewig aan die beskikbaarheid van plekke.

5.3. Slegs eerste en tweede programkeuses word vir keuring oorweeg. Derde programkeuses sal slegs vir keuring oorweeg word indien beide die eerste en tweede programkeuses programme met programspesifieke keuringsprosedures is.

5.4. Aansoeke met as eerste keuse een van die programme met ’n programspesifieke keuringsprosedure word ooreenkomstig die betrokke program se keuringsbeleid verder hanteer. Aangesien die keurings-proses ’n bepaalde tydsverloop impliseer, word hierdie aansoekers ter wille van koshuisplasing voorwaardelik aanvaar vir alternatiewe programme wat van die fakulteit se algemene keurings-prosedures gebruik maak (tipies die tweede of derde programkeuse op die aansoek aangedui) met dien verstande dat hulle aan die betrokke toelatings- en plasingsvereistes voldoen.

5.5. Ongevulde plekke in programme met programspesifieke keuringsprosedures kan aan aansoekers vir ander programme toegeken word.

5.6. Aanvaarding vir ’n tweede en/of derde programkeuse in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe **verval indien ’n kandidaat mettertyd vir ’n eerste en/of tweede programkeuse in 'n ander fakulteit aanvaar word**. Indien ’n kandidaat besluit om weer terug te verander na 'n programkeuse in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe moet 'n skriftelike versoek teen 30 September van die vorige jaar ingedien word. Sodanige versoeke sal slegs oorweeg word indien plekke beskikbaar is.

5.7. Aansoeke ontvang tot en met 30 Junie met as eerste keuse een van die programme wat van die fakulteit se algemene keuringsprosedure gebruik maak, word soos volg hanteer:

(i) Die Fakulteitsbestuur bepaal jaarliks ’n afsnypunt vir outomatiese voorwaardelike toelating gebaseer op historiese tendense t.o.v. toelating en registrasie.

(ii) Aansoekers met ’n finale graad 11-punt gelykstaande aan of hoër as die afsnypunt in (i) wat aan die betrokke toelatingsvereistes voldoen, word na ontvangs van die aansoek gekeur en ingelig dat hulle voorwaardelik aanvaar is, ongeag ras of ander oorwegings. Dieselfde geld vir aansoekers wat reeds oor ’n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met Baccalaureus-toelating en ’n graad 12-gemiddeld gelykstaande aan of hoër as die afsnypunt in (i) beskik en wat aan die betrokke program-/vakspesifieke toelatingsvereistes voldoen. Hierdie studente word na ontvangs van hulle aansoeke outomaties gekeur en hulle word in kennis gestel dat hulle gekeur en voorwaardelik toegelaat is.

(iii) So gou moontlik na 31 Augustus vind verdere keuring plaas van alle volledige aansoeke wat teen 31 Julie ontvang is (ingeslote diegene met ’n finale graad 11-punt gelykstaande aan die afsnypunt of hoër) en wat aan die betrokke toelatingsvereistes voldoen . Onderhewig aan die beskikbaarheid van plekke, vind keuring plaas volgens ’n merietelys en met die doel om die BSIA-teiken te haal met inagneming van sosio-ekonomiese status. Suksesvolle aansoekers word in kennis gestel dat hulle gekeur en voorwaardelik toegelaat is.

5.8 Alle aansoekers met ’n gemiddelde persentasie tussen 60 tot 69 (uitgesonderd Lewensoriëntering) moet **normaalweg** die Nasionale Normtoetse (NNTs) aflê. **In die lig van die onsekerheid oor die tydlyn vir die aflê van die NNTs en die logistiese uitdagings wat daarmee gepaardgaan as gevolg van COVID-19, sal die NNT-resultate nie vir keuring of plasing vir die 2022-inname gebruik nie**.

[4] www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/Pages/Calendar.aspx

Die **enigste uitsondering** is aansoekers van **School of Tomorrow (SOT)**. Alle SOT-aansoekers van die Universiteit Stellenbosch moet die NBT's (of SATs) voor die einde van September 2021 aflê om te verseker dat hul toelating/plasing voor die einde van 2022 afgehandel kan word.

**6. Internasionale aansoekers en aansoekers wat nie die NSS of IEB afgelê het nie**

Aansoekers wat nie die NSS of Independent Examinations Board (IEB) eksamen afgelê het nie (bv. die Cambridge-eksamen, Tuisskool, *School of Tomorrow,* ens, asook die vorige Suid-Afrikaanse Senior Sertifikaat wat tot in 2007 gegeld het) of internasionale aansoekers, word soos volg in die keuringsproses hanteer:

(i) Aansoekers in besit van 'n Suid-Afrikaanse Senior Sertifikaat wat in 2007 of vroeër behaal is, se gemiddelde persentasie in hulle skooleindeksamen word gebruik vir keuring.

(ii) Ander aansoekers se skooleindsertifikaat word vir validering na die *Stellenbosch Universiteit Internasionaal: Dienssentrum* verwys en 'n omrekeningstabel (opgestel en bygehou deur die Registrateurskantoor in samewerking met die *Stellenbosch Universiteit Internasionaal: Dienssentrum*) word gebruik om 'n vergelykbare gemiddelde skooleindpersentasie aan hulle toe te ken wat gebruik word vir keuring.

(iii) ʼn Beperkte aantal plekke, wat jaarliks bepaal word, word aan nie-SA burgers toegeken, uitgesonderd nie-SA burgers wat die NSS of IEB eksamenstelsel volg / afgelê het.

**7. Verlengde Graadprogram**

ʼn Maksimum van 100 plekke is in verlengde graadprogramme (VGP) beskikbaar vir studente wat aan die US se vereistes vir toelating tot verlengde graadprogramme[5] voldoen. Om vir toelating tot die VGP oorweeg te word, moet ʼn kandidaat gemiddeld minimum 60% - 62.9%[6] in die NSS behaal. Toelating tot 'n verlengde graadprogram word *diskresionêr* oorweeg met inagneming van die Nasionale Norm Toets (NNT)-uitslae (**raadpleeg paragraaf 5.8 ten opsigte van die 2022-inname**), sosio-ekonomiese status en die beskikbaarheid van plekke. Kandidate wat toelating tot ʻn VGP-program kry kan nie, nadat die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-uitslag beskikbaar is, versoek om na ʼn hoofstroomprogram oor te skakel nie.

Indien ʼn kandidaat voorwaardelik tot ʼn hoofstroomprogram toegelaat is, maar die NSS-uitslag voldoen nie aan die vereiste vir toelating tot 'n hoofstroomprogram nie, moet 'n versoek vir toelating tot 'n verlengde graadprogram, na ontvangs van die NSS-uitslag, teen 13 Januarie van die jaar van aanvang van studie aan info@sun.ac.za gestuur word. Merk asseblief die versoek "FLSW: Heroorweging vir VGP". Dié versoeke sal na afloop van registrasie oorweeg word, slegs indien plekke op die VGP beskikbaar is.

**8. Diskresionêre toelating**

Voorsiening word gemaak vir ʼn beperkte aantal diskresionêre plekke op grond van buitengewone oorwegings. Dit sluit aansoeke in op grond van onder andere ouderdomsvrystelling of aansoekers wat nie die NSS of IEB afgelê het nie. Versoeke vir diskresionêre plasing sal slegs oorweeg word indien die aansoeker aan die minimum toelatingsvereistes van die betrokke program voldoen.

**9. Bepaling van die oorboekkoers**

Aangesien nie alle aansoekers wat gekeur word uiteindelik hulle plekke opneem en registreer nie, word vir oorboeking voorsiening gemaak. Die bepaling van ʼn geskikte oorboekkoers word jaarliks gedoen aan die hand van (i) historiese tendense en (ii) die aantal aansoeke ontvang en aantal aansoekers outomaties voorlopig toegelaat teen 310 Julie. ʼn Waglys sal slegs gehou word indien die projeksies, gebaseer op historiese registrasiekoerse, daarop dui dat plekke moontlik nog beskikbaar is.

---

[5] Raadpleeg Jaarboek Deel 4 vir VGP-toelatingsvereistes.

[6] Die toelatingsvereistes vir VGP kan diskresionêr verlaag word ten einde die teikens ten opsigte van diversiteit en die sosio-ekonomiese status-faktor te kan behaal.